**Department: Basic Education**
Downloaded from Stanmorephysics.com
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

**GR.11 Finale-eksamens(2020)**

PUNTE: 50 TYD: 1 Uur

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A | Langer Transaksionele Teks | 30 |
| Afdeling B | Kort Transaksionele Teks | 20 |

Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

---

## AFDELING A: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### Vraag 1

Kies EEN onderwerp en skryf 100 – 120 woorde daaroor.

1.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**
Skryf 'n bedankingsbrief aan 'n maat wat jou baie gehelp het om gedurende die inperking op jou studies te fokus sodat jy goeie punte in die Klastoetse behaal het.

1.2 **DIALOOG**
Jy het 'n nuwe maat wat aan dwelms verslaaf is. Jy het besluit om met hom/haar te praat om van hierdie slegte gewoonte ontslae te raak. Skryf die gesprek tussen jy en jou maat neer.

1.3 **RESENSIE**
Jy het 'n kortverhaal / boek gelees wat jy baie geniet het. Jou onderwyser het jou gevra om 'n resensie daaroor vir julle skoolkoerant te skryf. Skryf nou hierdie resensie.

1.4 **TOESPRAAK**
Vanjaar het jou ma haar vyftigste verjaarsdag gevier. Jy moes 'n toespraak aflewer. Skryf nou die toespraak neer.

**TOTAAL [30]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE

**Vraag 2**

Kies EEN vraag en skryf 50 – 60 woorde oor die onderwerp.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo aan jou skryfstuk neer.

2.1 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het jou ma se selfoon sonder haar toestemming geleen en die selfoon het weggeraak. Jy moet die hele situasie aan jou ma verduidelik en jy weet nie wat om te verwag nie.

Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae soos volg:

- Die dag toe jy die selfoon verloor het
- Die volgende dag toe jy jou ma van die verlore selfoon vertel het .

2.2 **UITNODIGING**

Jou pa gaan binnekort sy 50ste VERJAARSDAG vier en julle het besluit om 'n partytjie te hou. Ontwerp 'n UITNODIGING wat jy aan jou familie gaan stuur. Onthou om die volgende in te sluit:

Tyd, datum en plek.
Kleredrag.

2.3 **ADVERTENSIE**

Jy en jou maat het julle eie T-hemp ontwerp (*designed*) . Skryf nou 'n advertensie om mense te laat weet dat julle hierdie unieke T-hemp van jou huis af verkoop.

2.4 **WENKE**

Skryf 7-10 wenke vir leerders oor hoe om veilig teen die Covid-19 virus op skool te wees.

**TOTAAL [20]**